



tuiste. trots. toekoms.



INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPPO

vir skoolleerders en studente

jou erfenis!

ALGEMEEN

1. WAT IS DIE INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO?

Die Internasionale Afrikaans-Ekspo is 'n opwindende skryfkompetisie wat veral fokus op leerders en studente se kreatiewe hantering van Afrikaans. Tesame met die feit dat dit pret is om deel te neem, word leerders ook gehelp met hulle skryfproses deurdat hulle terugvoer kry van die beoordelaars.

2. WIE KAN DEELNEEM?

Alle graad 6- tot 12-leerders en studente in Suid-Afrika en Namibië asook enige land ter wêreld waar Afrikaans as moedertaal of nie-moedertaal gebruik word of bestudeer word. Dit sluit onder meer in Wes- en Oos-Europa, Australië en Nieu-Seeland, Kanada en die VSA. Ons moedig veral ook studente van Afrikaansdepartemente aan universiteite regoor die wêreld aan om deel te neem. Op hierdie wyse sprei Afrikaans sy internasionale vlerke.

3. HOE OM DEEL TE NEEM

Inskrywings kan op 3 maniere ingedien word:

- **Aanlyn by ekspo.fak.org.za.** Wanneer die leerder inskryf, ontvang hy/sy 'n verwysingsnommer wat bevestig dat die inskrywing ontvang is. Die dagboekinskrywing, resensie, opstel, gedig en kortverhaal moet in pdf- of jpeg-formaat aangeheg word.
- **Per e-pos na ekspo@fak.org.za.** Indien hierdie metode gevolg word, moet elke inskrywing vergesel wees van 'n leerderinskrywingsvorm.
- **Per hand by die FAK-kantoor** op die Voortrekkermonumentterrein, Pretoria. Skilderkuns en fotografie kan slegs per hand ingehandig word. Indien hierdie metode gevolg word, moet elke inskrywing vergesel wees van 'n leerderinskrywingsvorm.

4. TEMA VAN DIE JAAR

Vanjaar se tema is **ERFENIS**.

Erfenis is al omskryf as "dit wat ons geërf het: die somtotaal van die natuurlewe en natuurskoon, plekke van wetenskaplike of geskiedkundige belang, nasionale monumente, historiese geboue, kunswerke, literatuur".

Maar moet nie vergeet van ons musiekerfenis, ons koserfenis, ons taalerfenis en selfs ons erfenis ten opsigte van grafstene nie. Daardie lekker koeksisters ...

5. SPERDATUM

Alle inskrywings moet teen **31 Julie 2018** ingehandig wees. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

6. INSKRYWINGSGELD

Geen inskrywingsgeld word gevra nie.

jou erfenis!



7. VERSKILLENDE FASES VAN BEOORDELING

| | |
|------------------------------------|-------------------------------|
| Inskrywings moet in wees teen: | 31 Julie 2018 |
| Nasionale beoordeling: | 1-30 Augustus 2018 |
| Wenners word bekendgemaak: | Eerste week in September 2018 |
| Deelnemersertifikate word versend: | September 2018 |

8. BEOORDELING EN ERKENNING

Leerders word volgens ouderdomsgroepe beoordeel. In elke afdeling en elke kategorie volgens die ouderdomsgroepe sal 'n wenner aangewys word. Die organiseerders behou egter die reg voor om, indien daar na hulle mening te min inskrywings in 'n kategorie is of as die standaard nie hoog genoeg is nie, nie 'n wenner in die spesifieke kategorie aan te wys nie.

Slegs nasionale beoordeling sal plaasvind. Die beoordeelaars werk volgens 'n rubriek vir elke kategorie. Indien versoek word, sal die rubrieke saam met die uitslae en sertifikate na afloop van die kompetisie na die skole toe gestuur word.

- 'n Deelnamesertifikaat word aan elke deelnemer gegee, wat by skole se prysuitdelings oorhandig kan word.
- Kategoriewenners ontvang pryse.
- Die wenskool ontvang R10 000. Die wenskool sal volgens 'n formule bepaal word. Die volgende sal bv. in ag geneem word: persentasie inskrywings, hoeveelheid wenners, deelname aan verskeidenheid kategorieë.
- 'n Algehele wenner wat die uitblinker was en die tema die beste beskryf het, of dit nou deur 'n foto, opstel of gedig was, word aangewys. Die wenner ontvang die wisseltrofee en R5000 kontant word gegee vir haar/sy skool.
- Skole en wenners van afdelings kry mediablootstelling.

9. NAVRAE

Chrisna Nel
083 460 6017
ekspo@fak.org.za